PREEK - MATT.EUS 22:1-14

Lees Matt.22:1-14
Teks Vers 8-10 en 14

Tema: Reageer op God uitnodiging en deel in die vreugdevolle nuwe lewe onder Sy heerskappy.

1. Aanvaar God se genadige en liefdevolle uitnodiging!
   1.1 Luister na God se roepstem
   1.2 Aanvaar God se uitnodiging en deel dit met ander
2. Beklee jou met die nuwe mens!
   2.1 Laat God se Gees jou innerlik vernuwe
   2.2 Dra vrugte wat pas by 'n kind van die Here (ware dissipel)
3. Beleef voluit die vreugde van die teenwoordigheid van die Drie-Enige-God in jou lewe!
   3.1 'n Lewe sonder God
   3.2 'n Lewe met God

……..

Geliefdes…die sentrale boodskap wat God wil hê dat ons deur hierdie gelykenis moet hoor, **is dat** ons moet reageer op Sy roepstem, **sodat** ons kan deel in die vreugdevolle nuwe lewe onder Sy heerskappy.

(1.Aanvaar God se genadige en liefdevolle uitnodiging!)

Daarom is die eerste punt van hierdie boodskap - **Aanvaar** God se genadige en liefdevolle uitnodiging!

Br's en sr's en kinders… 'n baie duidelike en 'n sterk punt word in hierdie deel van die gelykenis gemaak, **nl.** dat die realisering en uitbreiding van God se Koningsheerskappy **nou** wyer word as net die Joodse volk…

Soos dit al ook in die Ou Testament navore gekom het – **bevestig** God dat Hy nie net weer Koning van die Jode wil wees nie, **maar** van die ganse skepping … **en** in besonder oor die mense wat Hy daartoe uitverkies het !

Van die mens se kant gesien – geliefdes – **is** geen mens uitgesluit van God se genade nie…

- **soos** wat God dwarsdeur die Ou Testament individue, gesinne en families…vir Israel **en** later die Joodse volk, **gebruik het** om met Sy uitverkorenes bemoeienis te maak en te verlos – **so** doen en bevestig God dit weereens met hierdie gelykenis !

Sy uitnodiging gaan eers aan die Joodse leiers..

… **en** wanneer hulle nie daarop ag slaan nie, **dan** maak Hy die deur oop na die wêreld …**dan is** Sy genade en liefde tot beskikking aan elkeen wat wil hoor !

Geliefdes…ons leef in 'n tyd van God se besondere genade….**moenie**....ek herhaal…moenie Sy genade goedkoop en waardeloos ag nie…. **God** rig Hom nou tot jou…**Sy** oë is op jou gevestig…….**onthou** Hy kan ook by jou verbygaan…!

(1.2 Luister na God se roepstem)

Luister dus fyn na God se stem **en** hou aan luister…

Onthou Hy stuur Sy diensknegte na jou toe…**en** Hy doen dit op verskillende maniere **en** op verskilende tye **en** in besondere situasies…

- herken en erken hierdie mense as Sy gestuurdes…**moenie** hulle woorde en hulle dade minag en jou rug op hulle draai nie!

Maar jy is nog meer bevoorreg…**jy het** ook God se geskrewe Woord….die Bybel…

- lees dit…luister daarna…**nie** net eenkeer nie…nie net af en toe nie…**doen** dit gereeld….hou daarmee vol!

Maar God se genade is nog groter… **Hy** gee ook Sy Gees aan jou om jou te help om na Hom te luister en jou van die erns van Sy roepstem en Sy genade en liefde te oortuig!

(1.3 Aanvaar God se uitnodiging en deel dit met ander)

Aanvaar dan sonder uitstel en onvoorwaardelik en met volle oorgawe, **Sy** genadige en liefdevolle uitnodiging !

Gee - met die Heilige Gees aan jou sy - **die** eerste tree weg van die wêreld en die oorheersing van die ou sondige mens af **en** draai om **en hou aan** loop… sodat jy kan ingaan na hierdie bruilofsonthaal vir die Seun van die Koning !

Onthou jy sal die Koningskind daar vind…

Ja, weet verseker die Seun van die Lewende God sal daar wees… en in Sy teen-teenwoordigheid en by Hom, **sal** jy die ware lewe vind …sal jy ware vrede en geluk **vind** en ervaar!

Maar moenie selfsugtig wees nie…**vertel** ook aan ander wat jy beleef…**getuig** met woord en daad van jou ervaring van God se genade en liefde in jou lewe…

Ja, bo alles … **wees** nou ook self ‘n dienskneg van God en vertel aan elkeen wat oor jou pad kom van die uitnodiging wat jy ontvang het **en** nooi hulle saam…**en as** dit nodig is, stap die pad ook saam met hulle…. !

(2.Beklee jou met die nuwe mens!)

En as die oomblik aanbreek dat jy die bruilofsonthaal moet instap….dat jy moet instap in die teenwoordigheid van die Drie-Enige-God….**weet dan** dat jy nie met die vodde aan jou lyf - met die vuil klere van die ou sondige mens – **dit** kan en mag doen nie!

Onthou wat God hieroor aan Nikodemus geopenbaar het: Die mens wat nie opnuut gebore word nie, sal nie die koninkryk van God sien nie ! (Joh.3:3)

Br’s en sr’s en kinders….slegs ‘n mens wat deur God van sy sonde skoongewas is…gereinig is….geheilig is – **kan** weer in Sy teenwoordigheid wees en weer onder Sy heerskappy lewe!

En dit is die besondere werk van God die Heilige Gees…

(2.1 Laat God se Gees jou innerlik vernuwe)

Daarom ook die Goddelike opdrag: **Beklee** jou met die nuwe mens, of anders gestel laat God jou innerlik vernuwe… (Efes. 4:24; Kol.3:10-14, Rom.12)

Br en sr…die man sonder die bruilofskleed, wou insluip en met die vuil vodde van sy ou sondige mens, **hom** kom vergryp aan die goedheid en die guns van ‘n liefde-volle God !

Maar God laat nie met Hom spot nie…Hy laat niemand Sy heiligheid skend en belaster nie!

Wees dus seker dat jy in die ware geloof vir Christus omhels….een met Hom word…**dat** die Heilige Gees jou deur wedergeboorte verander… jou herskape tot ‘n nuwe mens!

Weet dit…sonder hierdie wit kleed van heiligheid, sal jy nie in God se teenwoordigheid toegelaat word nie…**en** as jy skynheilig probeer insluip sal jy uitgevang word en uitgegooi word… !

(2.2 Dra vrugte wat pas by ‘n kind van die Here (ware dissipel))

Innerlike vernuwing – geliefdes – moet dus noodwendig lei tot ‘n voorkoms en ‘n gedrag wat radikaal anders lyk as die wêreld waaruit jy omgedraai het om terug te keer om in te gaan in God se teenwoordigheid en Sy heerskappy !

Daarom die opdrag: Dra dan vrugte wat pas by ‘n ware kind van die Here… by ‘n ware dissipel van Jesus Christus!

(3. Beleef voluit die vreugde van die teenwoordigheid van die Drie-Enige-God in jou lewe)

Slegs so en so alleen sal jy voluit die vreugde van die teenwoordigheid van die Drie-Enige-God in jou lewe ervaar – jy by Hom en Hy by jou..…slegs dan sal jy kan deel in die feesvreugde van hierdie bruilofsonthaal!

……

Ons het gehoor – geliefdes – God nooi ons uit… dit is Sy genadetyd !

Sommiges het hierdie uitnodiging reeds aanvaar…**ander nie**…

- sommiges het reeds omgedraai…
- sommiges is op pad na bruilofsmaal…
- sommges nooi ook ander saam…
- ander is reeds binne – met of sonder ‘n bruilofskleed…
- party geniet reeds voluit die feesvreugde van die Drie-Enige-God…

Onthou…dit is nie vanselfsprekend dat jy gaan deel in hierdie ewige feesvreugde nie…

God roep jou…Hy praat met jou!

Wat is jou reaksie ?

Onthou dit is net een van twee:

- ‘n Lewe sonder God… of ‘n Lewe met God vir nou en vir altyd !

AMEN